



***Blepharis* spesies**

A: bergdistel E: mountain thistle

H: okananakuja

Blepharis mitrata *Blepharis obmitrata*
(sinoniem ook *B. diversispina*)

Blepharis leendertziae *Blepharis integrifolia*

Van die een-en-twintig verskillende *Blepharis*-soorte wat in Namibië voorkom, ken ek slegs drie of vier (nie seker nie). Hulle bekoor met hulle pragtige baie ligblou, hemelsblou en/of persblou blomme, **maar** hulle laat weet jou ook: net kyk, moenie aanraak nie! Jy sal **voel**, as jy daardie boodskap misag! Rondom die blommetjies beskerm aaklige skerp “naalde” wat seer steek (en ook afbreek in jou vel) die blomme en saad.

Al hierdie soorte is droogtebestand, meeste is meerjarig, die meeste is gewapen met lang, harde, skerp uitgroeisels, eintlik baie ‘onvriendelike’ plante. Hulle blom hoofsaaklik in somer tot in die herfsmaande, van hulle selfs die hele jaar oor as die ryp hulle nie bykom nie. Al die verskillende genusse lyk so baie na mekaar, dat die identifisering ‘n uitdaging bly (selfs vir kenners!).



Is hierdie twee spesies dieselfde of twee verskillendes? Kyk na die blare en bloeisels.

Dit kan *Blepharis mitrata* of *B. obmitrata* wees.

B. obmitrata kan tot een meter hoog staan, dus ‘n struikgewas vorm, waar *B. mitrata* redelik laag bly, nie meer as 0.5 meter hoog groei nie, eerder laer.

B. obmitrata groei graag in klipperige grond, *B. mitrata* verkies sandgrond.

B. obmitrata is die spesie wat algemeen in Namibië voorkom (behalwe in die verre noordooste en ooste) en gevolglik ook die bekendste is.

Dit is baie frustrerend, om tussen die plante wat digte kolle kan vorm, te loop; hulle krap en steek.

Werklik verbasend lyk die saad, eintlik soos klein goggatjies. Elke saadjie is oortrek met ‘n wit stekelrige velletjie. As die grond natreën en die saad ontkiem, sit dit uit en die velletjie skeur om twee

groen lobbe vry te stel. Die lobbe vou oop en 'n worteltjie begin groei in die grond in. 'n Nuwe plantjie is gebore.



Saadjie nog in kapsule



saadjies op grond



saadjies netnet ontkiem

Blepharis integrifolia groei in sandgrond laag bokant grondoppervlak soos 'n gronddekker. Die lote kan tot 50 cm lank word. Die blare is donkergroen met wit haartjies op, dit voel sag en dis nie stekelig nie (so het ek dit ondervind, maar in een rekord word genoem, dat die blare grof is)....Dis die 'vriendelike' spesie. Die blommetjies is redelik klein.



Nie so *Blepharis leendertziae* nie; dit bestaan feitlik slegs uit naalde wat vir jou wil seersteek! Dit kom nie so algemeen voor soos *B.mitrata* en *B.obmitrata* nie. Hier by ons sien ek dit langs vleie of in vlak holtes, waar die water in die somermaande nie dadelik wegsak as gevolg van die swart kleigrond

nie. Onder baie gunstige omstandighede word die plante so 30 cm hoog; dit groei eerder in die breedte as in die hoogte. Gewoonlik bly die plante maar klein, soms maak hulle net twee of drie blomkoppe, dan staan die plant ongeveer 10 cm hoog.....



Ook baie interessant is die talle gebruike van *Blepharis* spesies:

- Die Boesmans behandel 'n siekte by kinders, wat veroorsaak word, deurdat 'n voël (watter een weet ek nie) sy skaduwee op die kind werp, met *B.obmitrata* wat op warm as gegooi word. Die siek kind moet dan die rook inasem.
- Tandpyn word verlig deur 'n blaarpap van die plant in die mond te hou. (ek wonder hoeveel blare hulle gebruik, die plante dra maar min blare, veral in droë tye).
- Gekneusde blare, veral van *Blepharis leendertziae* stop bloeding. Dit sal nogal die moeite werd wees, om wondversorging m.b.v. sulke gekneusde blare of blaarpap nader te ondersoek.
- Sifilis word met gekookte wortels genees.
- By slangbyt en/of inseksteke word 'n wortelaftreksel ingegee en die byt-/steekplek met blaarpap bedek.
- In Suidafrika by van die landelike bevolking word **mitsiek!** (as iemand die entstof bv. gedurende die inenting van beeste ingekry het) met 'n kombinasie van *Blepharis obmitrata* en *B.integrifolia* behandel.

Hoewel onvriendelik en afwerend, is dit 'n baie interessante plantsoort en die moeite werd vir dieper navorsing! Die blomkleur is ongelooflik mooi, veral as die struik in volle blom staan; beslis 'n oorweging vir die rotstun werd!

Inligtingsbronne:

Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)

Wild Flowers, Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)

People's Plants (Ben-Eric van Wyk, Nigel Gericke)

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Juni 2019